



Toe die 7-jarige Sheldean Human van Pretoria in Februarie 2007 verdwyn het, het polisievriende van die dokumentêre fotograaf Mariella Furrer haar laat weet. Sodoende het sy die dae lange soektog na Sheldean gedokumenteer. Foto's daarvan verskyn in haar boek *My Piece of Sky: Stories of Child Sexual Abuse*, asook foto's van Sheldean se ouers toe haar lykie uiteindelik gevind is en van die kamer van Andrew Jordaan, wat skuldig bevind is aan haar moord en verkragting. Hier huil een van Sheldean se klasmaats onder gebed by haar roudiens in Maart 2007.

Foto's: Mariella Furrer

Om belangrik te wees in die lewe van 'n kind

Nog 'n jaar, nog 'n 16 dae van aktivisme-veldtog teen geweld teen vroue en kinders. Sal Suid-Afrika ooit die gruwel van kindermisbruik uitwis? Waarskynlik nie, sê die dokumentêre fotograaf Mariella Furrer – maar bewusmaking sal dit verminder. Louise Ferreira het op Internasionale Kinderdag met haar gesels.

Soos Mariella Furrer se elektriese hek oopskuif, kom vier groot honde blaffend en stertswaaiend nadergestorm. 'n Kleiner brakkie draf agterna. Ek ry versigtig binne; een wil-wil onder die wiele. “Ek hoop nie jy is bang vir honde nie,” sê sy. Gelukkig nie, want nog een is reeds entoesiasties besig om my rok te besnuffel. Mariella is 'n bekroonde dokumentêre fotograaf en haar werk het al in publikasies soos *Time*, *Life Magazine* en *The New York Times* verskyn. Sy verdeel haar tyd tussen Johannesburg en Kenia, waar sy grootgeword het.

In my hande het ek die grootste

projek van haar lewe: die boek *My Piece of Sky: Stories of Child Sexual Abuse*. Die boek beslaan byna 700 bladsye van narratiewe en foto's. 17 slagoffers, ses oortreders en drie regsmense het hul storie vertel – dit het Mariella uiteindelik 'n dekade geneem om te voltooi.

‘My ma het heeltyd gebid’
Mariella woon in Westdene in Johannesburg, aan die grens van Melville. Ek stap agter haar aan, deur die dubbele houtdeur.

Ons is met die intrapslag in 'n kleinerige leefvertrek. 'n Versameling hondemandjies staan in die hoek, en een van die brakke het saam met sy kosbak in die bed geklim, soos 'n

speelding.

Die honde het sy almal gered. Die skaaphond Ziggy is 16 jaar oud en is 'n afgetrede polisiehoond wat deel was van die dwelmeenheid. Gracie, die Duitse herdershoond, het Mariella langs Beyers Naudé-rylaan gekry. “Sy is deur 'n kar getref, nie erg nie, en ek het heeltyd gehoop haar eienaar kom haal haar. Maar niemand het nie.”

Dingo, die Australiese herdershoond, het sy aangeneem nadat sy foto's van hom op Facebook gesien en “skoon verlief geraak het”. Minx, die kleintjie, is 'n kolliehoond-corgi-kruis wat sy aangeneem het nadat 'n storie oor 'n “verskriklike hondeskuiling” op *Carte Blanche* uitgesaai is.



‘Dis nie 'n swart ding nie, dis nie 'n wit ding nie, en dis nie 'n Suid-Afrikaanse ding nie. Kinderverkragting is nie uniek tot Suid-Afrika nie, dis 'n globale probleem.’

Mariella is pas terug van die internasionale fees vir fotojoernalistiek in Perpignan, Frankryk, waar *My Piece of Sky* bekend gestel is.

“Ek is moeg tot op die been,” sê sy. “Dit was die eerste keer dat ek die boek gesien het en ek het niks gevoel nie...”

“Maar dit het nodig gehad om uit te kom, om gebore te word. Dit moes 'n lewe van sy eie aanneem sodat ek met my lewe kan aangaan.”

Ondanks die onderwerp en haar emosionele uitputting – sy kry terapie en drink antidepressante – lag Mariella dikwels. Met klinkende armbande beduie sy wanneer sy praat.

Sy is in 1968 gebore in Beiroet, Libanon, die enigste kind van 'n Switserse pa en 'n Libanese ma. Sy het eers hotelbestuur studeer – haar pa is in die bedryf – maar ná 'n paar draaie het sy

Om 'n v te kan

Een van die re Mariella Furrer *My Piece of Sky* landdros Bren Sy was desty saak van die “ James McNeil elektroniese in bevind is aan besit van kind Roodt-Louv gedig, 'n ween deur Forest E. die boek aang

A hundred year it will not ma money was in where I lived what type of but the world because I was importa child

“Ek dink nie die misbruik v beëindig nie,” dis moontlik o Ek wil die wo

‘My P Sky’ i

7

bladsye e

slago

regsmen

10

is hoe l het om v



Bo: Nog 'n klasmaat van Sheldean Human by haar roudiens. Dié twee foto's word reg op mekaar in die boek gebruik. Links: Mariella Furrer, outeur van *My Piece of Sky: Stories of Child Sexual Abuse*. Foto: Mary-Anne Palmer

in 1993 by die International Center of Photography in New York ingeskryf.

Daar het Mariella se mentor haar as een van 'n 100 jong fotografe benoem om 'n prestigeryke slypskool by te woon, waar sy die toekenning gekry het as die belovendste jong fotojoernalis. Só het haar loopbaan vlamgevat.

Sy is terug na Kenia. Toe, in April 1994, bars die hel van volksmoord in Rwanda los.

Mariella is soontoe om die volksmoord te dek. Die foto's op haar webblad wys verminkte lyke, spiespunte deur skedels...

“Ek was nog 'n jong fotograaf en heeltemal oorweldig deur alles wat ek gesien het. Ek voel asof ek Rwanda gefaal het, want ek was nie in staat om dit alles vas te vang nie.”

'n Paar keer was sy amper self 'n slagoffer. Eenmaal het 'n woedende skare Hutu's haar uit haar kar gesleep.

“Oor my gelaatstrekke en my baie sonbruin vel het hulle my daarvan beskuldig dat ek met die Tutsi's simpatiseer. As dit nie vir my motorbestuurder was nie, het ek dit waarskynlik nie gemaak nie.

“My ma, elke keer wat ek gebel het... Wel, sy het heeltyd gebid.”

Reuse-aanhanger van SA polisie

Agt jaar later bevind sy haar vir drie dae in Port Shepstone aan die Kwa-Zulu-Nataalse suidkus. Dit was in opdrag van die tydskrif *Marie Claire* se Amerikaanse uitgawe om 'n storie oor babaverkragting te doen, maar het nie daar gebly nie.

“Ek het teruggekom Johannesburg toe en met die polisie se kinderbeskermingseenheid en die Teddy Bear Clinic kontak gemaak.

“Ek wou 'n foto-essay doen, ek het nooit 'n boek beplan nie. Maar die projek het 'n lewe van sy eie aange- neem.”

Dis 'n frase wat sy 'n paar keer tydens die onderhoud herhaal: 'n lewe van sy eie.

Sy onderbreek haarself. “Ek is 'n reuse-aanhanger van die Suid-Afri-

kanse polisie. So min word geskryf oor die goeie dinge wat hulle doen. Daar is soveel toewyding.”

Dit het lank gevat om die beskermers – die polisie, die maatskaplike werkers, die mediese personeel – se vertroue te wen. Die Teddy Bear Clinic, 'n Johannesburgse sentrum vir kinderslagoffers van misbruik, het 'n groot rol daarin gespeel.

Sy het begin deur haar projek te verduidelik aan ouers wat by die kliniek opdaag en toestemming te vra om hul kinders af te neem – so ge- doen dat die kinders nie op die foto's geïdentifiseer kan word nie. Waar die kind oud genoeg was om te verstaan, het sy dit aan hulle ook verduidelik.

Dan sou sy lank sit, op die vloer in die hoek van die vertrek, sonder om aan haar kamera te raak, totdat die kind gemaklik gevoel het.

Hofstenograaf huil haar oë uit

Mariella is self as vyfjarige deur 'n vreemdeling gemolesteer, iets wat 'n groot invloed op haar lewe én haar werk gehad het.

“Ek het regtig gevoel dis belangrik dat die kind in beheer is [met die foto's]. Ek was geweldig bewus van die manier waarop ek gewerk het, omdat

ek as kind gemolesteer is. Dit het enkele minute geduur, maar die impak... Ek het regtig die skaamte verstaan, die skuldgevoel.”

Sy bly stil.

“Ek sou die heelyd die kind gerus- stel, aan hul arm raak. Nooit, ooit het 'n kind of 'n ouer my gekeer nie. Ek is goed met liggaamstaal dophou. Dis maklik om sekondêre trauma te veroorsaak, en dit wou ek nie doen nie.”

Sy het eers ná 'n paar jaar begin om onderhoude ook te voer toe sy be- sef die behels veel meer as net 'n foto- storie.

Is daar enigiemand spesifiek wat haar bybly?

“Weet jy, hulle het almal 'n impak op my gehad, en ek voel ek dra hulle almal saam met my, wat 'n moeilike plek is om te wees. Maar Dylan se storie wys regtig hoe misbruik ie- mand kan vernietig.”

Dylan, die skuilnaam wat sy vir die man gegee het, was een van die slag- offers van 'n Wes-Kaapse onderwyser. William John Creasey is in 2004 tot ses jaar tronkstraf gevonnis vir die molestering van jong seuns en vir die grootste versameling kinderporno- grafie wat nog ooit in die Wes-Kaap gevind is.



'n Tekening deur 'n kinderslagoffer in *My Piece of Sky*. Sy is alleen in 'n bootjie op 'n stormsee.

“Dylan” het 'n tienerprostituut ge- word, is ook deur ander mense seksu- eel misbruik en was verskeie kere in die tronk.

“Hierdie man was so intelligent, so welsprekend, hy kon ver gekom het. Die vrou wat my onderhoud met hom getranskribeer het, 'n hofstenograaf, het haar oë uitgehuil.”

Dylan is in 2008 weer in hegtenis geneem en sou lank tronk toe gestuur word. Hy het homself dieselfde dag in sy sel gehang.

Die titel van die boek verwys na iets wat Dylan tydens hul onderhoud gesê het.

“I would love to write a book. I would call it *My Piece of Sky* because when I was in prison I spent three- hundred-and-sixty-five days in isola- tion at one stage because I was quite a radical, naughty boy.

“I was lying in prison and all I had in my single cell was the window and I had my piece of sky, you see?”

Sheldean en Kamo

In Februarie 2007 het Mariella se po- lisievriende haar laat weet 'n seweja- rige meisie het in Pretoria verdwyn.

'n Reeks foto's in *My Piece of Sky* dokumenteer die soektog na Sheldean Human – en haar gebroke ouers op die middag wat hul dogter se lykie ge- vind is.

Nog 'n sewejarige, Kamogelo Seko- man van Roodepoort, het in Desember 2005 verdwyn. Kamo is nooit weer ge- sien nie.

Die twee stelle foto's beeld dieselfde aaklige verhaal uit: MISSING-pam- flette, polisielede wat in bosse en rioolpype soek, desperate ouers, woe- dende gemeenskappe.

Bloedjong kinders by hul maatjie se roudiens, ogies toe tydens die ge- bed, met net die trane wat stilweg by hul wange afloop.

Dis waarom sy die foto's oor Shel- dean en Kamo bymekaar gevoeg het, sê Mariella.

“Dit was 'n visuele besluit. Dit ver- tel die storie van wat gebeur wanneer 'n kind weggaan.

“Dis nie 'n swart ding nie, dis nie 'n wit ding nie, en dis nie 'n Suid- Afrikaanse ding nie. Kinderverkrag- ting is nie uniek tot Suid-Afrika nie, dis 'n globale probleem.”

Vir 'n dekade lank het Mariella hoofsaaklik aan dié projek gewerk.

“Natuurlik het ek emosioneel ge- raak, maar ek dink omdat ek as akti- vis betrokke was, was ek oukei. Nou sukkel ek.

“Ek dink 'n mens moet óf met slag- offers óf met oortreders werk. Wan- neer jy met die polisie werk, wil jy hierdie mense [oortreders] vermoor.

“Maar toe ek met hulle onderhoude doen... Party is erg grillerig. Maar die meeste is gewone mense.

“Daar was een man, as ek hom in ander omstandighede ontmoet het, sou hy 'n vriend gewees het. Ons het dieselfde sin vir humor. Dit het al my fundamente geskud.”

Sy sal nie weer so 'n projek aanpak nie, nie een waarin sy só diep sal delf nie. Veral die onderhoud met 'n jong vrou genaamd Susanna het haar to- taal en al getap.

“Ná daai onderhoud sou ek by die huis kom en op die vloer voor die kaggel gaan lê en huil.

“Ek ly aan post-traumatiесе stres- sindroom en empatie-uitputting, ek's uitgebrand. Ek probeer net weer heel word.

“Ek het van die ergste goed gesien wat mense aan mekaar kan doen. Dit vat nogal 'n hap uit die vreugde van die lewe.

“Maar ek sal tog nog self kinders wil hê. Iewers is daar steeds 'n flikke- ring hoop vir die mensdom.”